Bellrylaan
Noordheuwel
1739
Privaatsak x2032
Krugersdorp
1740

Tel: (011) 954 1032
(011) 954 1056/7
Faks: (011) 954 1033
info@nories.co.za
www.nories.co.za

23 November 2021

Hoërskool Noordheuwel Top 15-atletiekbyeenkoms
Woensdag 2 Februarie 2022 te Hoërskool Noordheuwel

Geagte Hoof en Atletiekorganiseerder

Dit is vir ons 'n groot voorreg om u uit te nooi na ons jaarlikse Top 15-atletiekbyeenkoms wat in 2022 vir die 33ste keer sal plaasvind. Ons glo en vertrou dat dié byeenkoms een van die tradisies is wat nie gemis kan word nie en dit voorspel weereens goeie kompetisie vir u top atlete. Ons kondig dan ook met trots aan dat die Top15 vir die eerste keer in 2022 op Hoërskool Noordheuwel se baan sal plaasvind.

Die volgende bepalings en reëls geld vir hierdie byeenkoms:

1. Elke skool kan net een span inskryf.
2. Atlete moet BONA FIDE leerlinge van die skool wees.
3. Daar is 'n grootskole kompetisie vir skole oor 'n 1000 leerders en 'n kleinskole kompetisie vir skole kleiner as 'n 1000 leerders.
4. 'n Span bestaan uit 7 dogters en 8 seuns, maar dit kan ook uit 8 dogters en 7 seuns bestaan. Dus is die totaal atlete dan 'n volledige span van 15.
5. 'n Span moet uit ten minste twee atlete per ouderdomsgroep bestaan, nl. o/14, 15, 16, 17 en 19.
6. Skole mag nie meer as twee atlete per item per ouderdom inskryf nie.
7. Die hoogste twee punte per ouderdom en dan enige 5 ander punte sal gebruik word om die Top 15 totale uit te werk.
8. Ons sal gebruik maak van die ASA/APE 2020 tabel.
9. Elke atleet mag hoogstens aan twee items deelneem en 'n aflos (opsioneel).
10. Enige spanlid kan gekies word vir die aflos en sal slegs aangebied word in die o/17 en o/19 ouderdomme, beide geslagte sal afsonderlik deelneem.
11. Uitnodigingsatlete word slegs geplaas indien die behoefte by items ontstaan. Die finale besluit oor watter uitnodigingsatlete deel kan neem, sal by die organiseerders lê.
12. Geen veranderings aan atlete en hul deelname sal op die dag van die byeenkoms plaasvind nie.

Die byeenkoms begin om 9:00. 'n Inskrywingsfooi van R 2000 word vir die byeenkoms gehef, en is betaalbaar voor 31 Januarie 2022. Individuele inskrywing beloop 'n koste van R100 per atleet. Spaninskrywings vir die byeenkoms sluit op Saterdag 29 Januarie om 17:00. Ons versoek ook dat elke skool asseblief drie beamptes beskikbaar sal stel op dié dag. Ons wil u graag versoek om u deelname aan hierdie byeenkoms per e-pos aan Mnr. A van der Merwe by atletiek@nories.co.za te bevestig.

Top 15-groete

Mnr WP Laidlaw
Sport-/Adjunkhoof

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA